e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

27 November 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 41

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

'n Lewe van diens

In 1952 word Pieter Daniël Pretorius deur ds AJG Oosthuizen as diaken in Gemeente Noordelike Pretoria bevestig. Vandag, 62 jaar later, sal jy oom Piet steeds Sondae op sy pos vind.

Oom Piet het hierdie ampswerk ook al in drie gemeentes verrig. In 1953 met die afstigting van Gemeente Wonderboompoort het oom Piet saamgegaan as kerkraadslid. In die gemeente het hy selfs gehelp met die bou van die kerkgebou. Hy was gelyktydig ook koster en een van sy vele pligte was om skoon te maak agter die vlermuise. Hierdie vlermuise het die saal waarin kerk gehou is, hul blyplek gemaak. Elke Saterdagmiddag het oom Piet die saal gaan afspuit, sodat daar Sondae in 'n skoon saal kerk gehou kon word. In hierdie gemeente was hy 22 jaar lank betrokke totdat hy verhuis het.

Sy pad saam met Gemeente Wonderboom begin in 1975 saam met ds NH Buitenweg. Oom Piet beskryf dié gemeente as sy familie. Die lief en die leed van die gemeente raak hom diep en hy sê ook: *Enigeen* (in die gemeente) *se moeilikheid is my moeilikheid.* Wanneer jy nuut in die gemeente aankom, is oom Piet een van die lidmate wat jou sommer dadelik laat tuis voel. Deur sy vriendelikheid en oop hart besef jy dadelik dat hierdie 'n plek is waar jy deel kan raak van die familie.

Oom Piet is oral betrokke. Waarmee die gemeente ook al besig is, daar is oom Piet besig. Maandaeoggende tel hy die geld om te bank en as ons pannekoek verkoop, maak hy seker dat die geldsake van die stalletjie reg is is. Moet net nie dink jy kan oom Piet verkeerd opvryf nie. Hierdie geld tel is, met reg, 'n ernstige storie en hy maak seker dat die nodige stilte heers sodat daar nie 'n fout iewers insluip nie.

Oom Piet se trots is sy avokadopeerboom. Indien jy die voorreg het om 'n erediens te lei in die gemeente kry jy dikwels Sondae 'n aangename verrassing: 'n sakkie heerlike avokadopere om saam te neem huis toe. Diakenswerk is egter sy groot liefde. Hy sal vinnig vir jou vertel dat hy nie belangstel in ouderling wees nie, hy is 'n diaken en hy sal dit bly totdat hulle hom vra om te loop. Hy geniet veral die maandelikse besoeke by die lidmate in sy wyk. Dan drink hy koffie en gesels. Deur hierdie gesels word hy deel van die lidmate se lewens en het hulle die vrymoedigheid om ook met hul moeilikhede na hom te kom vir raad en bystand. Hy geniet dit om mense te help soek na oplossings vir probleme. Hy skrik nie vir nuwe uitdagings nie. Wanneer hy met nuwe werk of verantwoordelikhede gekonfronteer word, formuleer hy 'n plan sodat ook dit suksesvol afgehandel kan word.

Oom Piet is 'n diep gelowige mens en hy skryf sy positiewe lewensuitkyk daaraan toe dat hy altyd onthou: *Wat met 'n mens gebeur, is nie jou wil nie, maar die Here s'n.* Sy geloof dra hom deur die moeilikhede en dit is dié geloof wat hy ook vrylik deel met die lidmate in sy wyk. Oom Piet se Kerswens vir 2014 is dat *elkeen in die feestyd die liefde van God sal beleef en dit ook sal deel met elke persoon wat hul pad kruis.*

Lilian Erasmus
Finalejaar teologiestudent

(Volgende week se uitgawe, op 4 Desember, is die laaste vanjaar. Die eerste uitgawe van 2015 verskyn op 15 Januarie.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Ds Theuns Botha

- Emerituspredikant **ds Theuns Botha** is gediagnoseer met limfklierkanker. Dit is gelukkig nie aggressief nie en hy begin nou met chemoterapie. Ons bid hom beterskap toe en baie sterkte vir hom en mev Kitty Botha.

- **Lig vir 'n kind.** Hierdie tyd van die jaar is mense gewoonlik baie sensitief vir die lot van kinders in nood. Daar is talle projekte en aksies om byvoorbeeld vir minderbevoorregte kinders speelgoed in te samel. Die hartseer is dat talle van hierdie projekte 'n tipe tref-en-trap-benadering het – daar word net vir een dag 'n glimlag op 'n kind se gesig gesit. Kinders in nood het egter ***volgehoue*** hulp nodig. En dit is waar die Hervormde Kerk 'n verskil maak! Vir dekades lank is ons al besig om kinders in nood ***elke dag*** te help. So is ons besig om tans ongeveer 450 kinders in Kinderhofsake te help, 36 getraumatiseerde kinders volledig te versorg en te help met terapie, en digby 700 kinders wat gestremd is, en ook behoeftig is, 'n kans in die lewe te gee. Lees asseblief die **meegaande pamflet**, of klik hier, en word deel van daaglikse, ***volhoubare*** hulp vir kinders wat dit nodig het. Laat die lig van Christus op ons kinders skyn!
(**http://www.pro21.co.za/index.php/en/fund-raising-actions/light-for-a-child**)

- **Boektafel: Tweedehandse teologieboeke.** In ooreenstemming met die beleid van die biblioteekversameling van die Hervormde Kerk, word duplikaatboeke nie in die versameling opgeneem nie. Namate elektroniese ontsluiting van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) se versameling op die biblioteek se katalogus vorder, kom daar steeds boeke met teologiese temas op die duplikaatlys. (Let wel: Dit gaan NIE oor vervreemding van enige boeke waarvan één eksemplaar reeds in die katalogus opgeneem is nie.) Daar is nie 'n titellys beskikbaar nie. Boeke kan by die Kerkargief op die tweede vloer van die Dirk van der Hoffgebou bekyk word op weekdae van 08:00 tot 16:00, en is gratis beskikbaar. Donasies word waardeer. Boeke kan tot einde Februarie 2015 bekyk word. Rig navrae aan die argivaris, mnr Nándor Sarkady, by **argief@nhk.co.za**.

- 14 gemeentes van die Hervormde Kerk is ewekansig geselekteer om aan die groot **navorsingsprojek oor jong lidmate** se belewenis van die kerk in Suid-Afrika deel te neem. Hierdie navorsingsprojek strek oor kerkgrense heen en dek 'n wye spektrum van sake wat die geloof en lewe van jong lidmate raak. In elkeen van die geselekteerde gemeentes is 'n aantal jongmense weer ewekansig geselekteer, en die vraelys is onlangs aan hulle gestuur. Aangesien daar tot dusver min voltooide vraelyste terugontvang is, vra die organiseerders dat die betrokke jongmense die vraelyste asseblief **DRINGEND** moet voltooi en terugstuur sodat die inligting verwerk kan word. Rig navrae aan **YouthSurvey@be.up.ac.za**

- Die ***Almanak/Bybelse Dagboek*** **vir 2015** is pas by die Sinodale Kerkkantoor afgelewer. Gemeentes moet asseblief reël dat hul besendings by die Kerkkantoor afgehaal word. Kontak mev Susann van Zyl by **sentik@nhk.co.za**, tel 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054.

- Gemeentes wat die **Kerkspesifieke lessenaarkalender** bestel en betaal het, moet dit saam met hul besending van die *Almanak/Bybelse Dagboek* kom afhaal. Tref asseblief vooraf reëlings met mev Jianni Joubert by **algemeen@nhk.co.za**, tel 012 322 8885 x227 of faks 012 322 7909.

  Bestellings vir die kalender kan steeds geplaas word. Die koste is **R30 per kalender**. Die Kerkjaarbesonderhede word elke maand aangedui. Sinodale vergaderings word aangedui – daar is egter steeds genoeg ruimte by elke dag

om eie afsprake in te skryf. Die formaat is A2 (4 x A4's), aan die bokant gegom, sodat dit plat op 'n lessenaar kan lê.

- SENTIK sal waarskynlik in 2015 **koeriermaatskappye** gebruik om boeke en tydskrifte te versprei. **Gemeentes in Pretoria** sal steeds hul tydskrifte en pakkies by die Sinodale Kerkkantoor kom afhaal, en die bestaande reëling **met gemeentes in Namibië** sal nie geraak word nie. **Al die ander gemeentes in die Kerk word egter versoek om dringend 'n fisiese adres aan SENTIK te voorsien waar 'n koerierdiens pakkies kan gaan aflaai.** Stuur asseblief die naam van die gemeente, die naam en nommer van 'n kontakpersoon, en die fisiese adres aan mev Susann van Zyl.

- Die redaksie van die ***Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*)** versoek ampsdraers en lidmate om bydraes te stuur vir die eerste twee uitgawes van 2015.

  - **Teologie en Liturgie (verskyn begin April)**
    Hierdie tema bied ruimte vir 'n groot verskeidenheid onderwerpe, soos onder andere die verband tussen teologie en liturgie; rites en rituele rakende die sakramente; die begeleiding van kerkmusiek; kansels en kateders; die rol van die ouderling in die liturgie; ensovoorts.
  - **Protestantisme en die beeldende kuns (verskyn einde Julie)**
    Hierdie is die tema volgens die skedule van die Luther-dekade. Ons het talle lidmate wat kunskenners is en/of belangstel in die beeldende kunste. Ongelukkig weet ons nie van almal nie. Predikante moet asseblief help om hierdie lidmate te identifiseer en hulle aan te moedig om te skryf. Die *THT* maak dit moontlik om beeldmateriaal in die tydskrif op te neem.

  Outeurs word aangemoedig om, naas die enkele langer artikels (tussen 10-15 bladsye), korter artikels (tussen vier en agt bladsye) voor te lê vir publikasie. Voornemende outeurs moet so gou moontlik met die redakteur, prof Natie van Wyk, in verbinding tree by 082 448 4759 of **aim1@mweb.co.za**.

- **Gemeente Vaalwater** het hul bedieningsplan aangepas en het so spoedig moontlik **die dienste van 'n predikant nodig** vir die **eerste en tweede Sondae van elke maand**. Die erediens is om 09:30. Die predikant is ook verantwoordelik vir die bediening van sakramente indien dit op die betrokke Sondae val. Tydens die besoeke sal die predikant in oorleg met en op versoek van die kerkraad betrokke wees by die kategese. Die kerkraad is bereid om die predikant R2 000 per preekbeurt te betaal, wat reiskoste insluit. Ad hoc-besoekgeleenthede sal op versoek van die kerkraad met die predikant gereël word teen addisionele vergoeding. Huisbesoek en ander ad hoc-besoeke sal op die kerkraad se versoek met die betrokke predikant gereël word. Reiskoste wat met laasgenoemde verband hou, sal volgens voorgestelde skale betaal word. Indien dit nodig sou wees dat die predikant moet oorslaap, reël die kerkraad verblyf by 'n gastehuis in Vaalwater. Predikante wat belangstel, moet asseblief **teen 28 November 2014** met Ben van Buuren in verbinding tree by 082 568 8916.

- **Ring van Roodepoort: Organiseerder Evangelisasiewerk.** Die ring wag aansoeke in vir 'n evangelisasiepos teen onderhandelde vergoeding. Die suksesvolle kandidaat sal 'n teologies gegradueerde wees met 'n belangstelling in evangelisasie. 'n Nagraadse kwalifikasie in evangelisasie sal 'n aanbeveling wees. Hy/sy sal in samewerking met evangelisasiekomitees in die gemeentes van die ring van Roodepoort evangelisasie-inisiatiewe beplan en lei. Die aanstelling sal vir 'n sekere tydperk wees en sal dan geëvalueer word in terme van die daadwerklike groei wat in die gemeentes plaasgevind het. Belangstellendes kan 'n kort en toepaslike CV stuur aan die voorsitter van die ring, ds Kobus Pienaar, by **ajpienaar1@gmail.com**.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir ’n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u ’n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@gmail.com**.

Liturgiese kalender

- **Die tweede Sondag van Advent**
  Op **Sondag 7 Desember** staan Johannes die Doper (Luk 3) in die kollig. Al die Ou-Testamentiese profesieë (soos dié van Mal 3 en Jes 42) mond uit in die aankondiging van Johannes dat die Messias aangekom het. Saam met hom pleit die kerk ook dat die pad van die Here gereed gemaak word – wat minstens heenwys na bekering en boetedoening. Saam met Johannes kondig die kerk die koms van die Messias aan en vermaan mense tot ’n verantwoordelike en liefdevolle lewe in die lig van die komende oordeel. Deur op hierdie Sondag oor Johannes die Doper te preek, beweeg die kerk vanaf die krip na die kruis van die kommende regter. Op hierdie Sondag word nie halleluja gesing nie, omdat ons in skuldbelydenis neerkniel.

Eredienste in Desember 2014/Januarie 2015

- **Gemeente Strand.** Alle besoekers aan die Strand-omgewing word uitgenooi om saam met ons elke Sondag, sowel as op Gelofte- en Kersdag, om **09:00** eredienste in die kerkgebou te Strand, geleë op die hoek van Boschendal- en Elimstraat, by te woon. Ons sien uit om u in ons midde te verwelkom. Kom ervaar die warmte van ons gemeente. Navrae kan gedoen word by ds Gerrit-Daan van der Merwe by tel 073 418 2346 of oudl Japie Botha by tel 021 851 6351.

- **Gemeente Laer Suidkus.** Vakansiegangers aan die Suidkus van KwaZulu-Natal word hartlik uitgenooi na die eredienste van die gemeente gedurende die Desembervakansie. Tye is soos volg:
  - Port Shepstone: Elke Sondag om 09:30. Scottstraat 3, Port Shepstone.
  - Port Edward: Elke Sondag om 08:00. Saal van Port Edward Primêre Skool, Fifeweg, Port Edward.
  - Geloftedag: Om 09:00 te Scottstraat 3, Port Shepstone.
  - Kersfees: Port Shepstone om 06:00 en Port Edward om 08:00.

  Navrae aan ds Jacques Pieterse by **jacquesjean@vodamail.co.za** of 082 458 4482.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Noordelike Pretoria: 80-jaar-viering**
  Sondag 30 November om 09:00
  12de Laan 512, Gezina, Pretoria
  Alle oudlidmate en belangstellendes is welkom
  Na die diens om 12:00 word gebraai by die nuwe onderdakbraai
  Etes beskikbaar, bring eie drinkgoed
  Bevestig vooraf aantal persone wat gaan bywoon
  Kontak Marian Jordaan by 082 937 7562 / **marianjordaan@telkomsa.net**
  of Pikkie Truter by gemeentelike kerkkantoor
  012 335 9148 / 083 404 5552 / **nhknp123@gmail.com**

- **Gemeente Sionspoort: Kerssangdiens**
  Sondag 30 November om 19:00
  Die Whitechapel Ringers (klokkekoor)
  Saam met Isabel Nevill en die gemeentekoor
  Skakel 082 464 1547 vir meer inligting

- **31 Januarie 2015: Gemeente Horison Roodepoort word 50 jaar oud**
  Vrydagaand 30 Januarie: Kamermusiek met klassieke musiekuitvoeringe
  Navrae aan Jenneke ter Wolbeek by 082 687 2291
  Saterdag 31 Januarie: Potjiekoskuier by die kerk
  Sondag 1 Februarie om 09:00: Nagmaaldiens
  Alle oudlidmate en belangstellendes word hartlik uitgenooi
  Navrae aan dr Gerhard Nel by 082 8235 074 of **gnel@nhk.co.za**

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 5 Desember, en word hartlik geluk gewens:**

o Vrydag 28 November:	Dr BJ (Barry) van Wyk (emeritus/Rust der Winter/ Waterberg/Zoutpansberg) en ds SH (Fanie) Willers (Grootvlei)
o Sondag 30 November:	Ds JF (Jan) Wilson (siekte-emeritaat)
o Maandag 1 Desember:	Prof Y (Yolanda) Dreyer (UP) en ds AS (At) van den Berg (emeritus)
o Dinsdag 2 Desember:	Ds JPJ (Kalla) Fourie (emeritus)
o Woensdag 3 Desember:	Drr SM (Sanrie) de Beer (Philadelphia) en WJ (Willem) Smith (Parys)
o Vrydag 5 Desember:	Prop JW (Johan) van der Merwe (beroepafwagtend)

Twee gedigte

Die môrester

Die môrester laat val
kort voor dagbreek drie
druppels nektar
op die rooi duin
en drie wyse manne
het op drie wit
môreblomme afgekom
en die geur van 'n
babatjie geruik –
en hom gevind
wat sou praat
oor die een ster
bo verlate duine

Gebed

In die stil donkerte
van die veld roep
die kiewietjie beangs, en
God se volle maan
gaan oop
soos baie blomme

Donald W Riekert (1947-2011)
(Uit: *Heuning uit die swarthaak* 1986 – dié debuutbundel is bekroon met die Ingrid Jonker-prys)

Beplande vergaderings

- Vrydag 28 November: Sinodale Kerkkantoor Jaareindfunksie
- Donderdag 4 Desember: Kommissie van die AKV (Legitimasie)

Behuising

Tuki e'State

Studente-akkommodasie

Universiteit Pretoria

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

Vanaf R2 800

+27 12 362 1192 / +27 79 500 7500 / +27 71 659 6114
E-pos: admin@tukiestate.co.za / Info: www.tukiestate.co.za

- **Van Rensburg Monumenttehuis in Danville**
  24-uur uitmuntende versorgingsdiens vir bejaarde persone
  Tans plek beskikbaar – **ook vir tydelike versorging in die Desembervakansie**
  Kontak Matrone Rensie van Tonder by 012 386 5730

- **Behuising vir bejaardes**
  Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville
  Enkel- en dubbelkamerinwoning vir bejaardes wat nog selfversorgend is
  Aangename huislike atmosfeer, 2 etes ingesluit by losies, billike tariewe
  Gereelde sosiale programme
  Vir meer inligting kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

- **Behuising vir bejaarde egpare en enkellopendes in versorgingseenheid**
  Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis
  Parys, Vrystaat
  Navrae aan Alet Botha by 056 811 2185 / **AletB@otmt.org**

Gemeente Bronkhorstspruit Aftree-eenhede

De Oude Pastorie Trust Bronkhorstspruit

Tweeslaapkamereenhede met stoep en toesluitmotorhuis word in die vooruitsig gestel onder die Wet op Behuisingontwikkelingskemas vir Afgetrede Persone (65 van 1988) op basis van lewensreg.

R730 000 onderhewig aan eskalasie

Die eenheid sal reg teenoor die Hervormde kerkgebou (langs die ou pastorie) opgerig word en is binne loopafstand van 'n verskeidenheid besighede, dokters, apteke, oogkundiges, poskantoor, munisipale kantore, ensovoorts.

Kontak die gemeente gedurende kantoorure by 013 932 2929 of 082 353 9752

Allegaartjie

Daar is min dinge wat meer van 'n mens se intelligensie en karakter verklap as die dinge waarvoor jy lag. (Johann Wolfgang von Goethe)

Kampe en kampterreine

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp 2015**
  Plek: *Serube Sa Phakwe*
  (avontuur-, sport- en lewensvaardigheidsentrum in die Vredefort-koepel)
  Datum: Dinsdag 6 tot Vrydag 9 Januarie 2015
  Vertrek Dinsdag 6 Januarie om 13:00
  Terug Vrydag 9 Januarie om 13:00
  Vertrekpunt: Vanaf die kerkgebou in Silwerstraat 19
  Ons ry almal saam per bus – jy gaan hier reeds begin vriende maak!
  Skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710
  of Terzie Denton by 082 475 4618
  of Cari Lourens by 076 971 0326 indien jy enige vrae het
  Besoek ons webblad vir registrasie:
  http://www.studentegemeente.com
  http://www.facebook.com/PotchStudente

- **Tuks-eerstejaarskamp 2015**
  (Studentegemeente Philadelphia se Eerstejaarskamp)
  Saterdag 10 tot Woensdag 14 Januarie 2015 by Kwaggasrus
  Besoek webblad **www.tuksejk.co.za** vir inskrywingsvorm en inligting
  Navrae: Dr Sanrie de Beer (083 226 1866) / ds Martin Slabbert (082 655 4787) / Liezel Meyer (071 890 6385)
  Bemarking: Kornel Korb (071 602 3817) en Su-Marie Calitz (084 423 1031)

- **Gemeente Stellenbosch: Eerstejaarskamp 2015**
  Terrein net buite Stellenbosch
  Saterdag 17 tot Dinsdag 20 Januarie 2015
  Begin Saterdag 17 Januarie om 12:00 by die kerkgebou
  hv Bosman- en Hofmeyrstraat, Stellenbosch
  Terug Dinsdag 20 Januarie om 15:00
  Kom geniet 'n heerlike kamp, maak vriende en leer die kampuslewe ken
  Kontak ds Chris le Roux by 079 495 3239 / **stellenbosch@nhk.co.za**
  of Wynand Vlok by **18214657@sun.ac.za**

- **Gemeente Kaapstad se kampterrein**
  Bekostigbare akkommodasie in Desember-skoolvakansie
  Kom kuier Desember op Melkbosstrand
  Die kampterrein word weekliks as kleuterskool bedryf
  Die badkamerfasiliteite is vanjaar opgeknap
  Slaapplek @ R100 per persoon per nag
  Plek beskibaar vanaf 12 Desember 2014
  Navrae: Sarie van Schalkwyk 021 553 2110

- **Tarentaalpan: Jeugkampterrein Thabazimbi**
  Beplan jy 'n jeug- of gemeentekamp?
  Maak dit 'n Bosveldervaring!
  Net buite Thabazimbi – 2 tot 3 ure van Pretoria en Johannesburg
  Loer by **www.tarentaalpankamp.co.za**
  Besprekings: Rika 083 255 7963

Fondsinsamelings

- **Gemeente Magaliesmoot: Kaas-en-wyn-kuieraand**
  Saterdag 29 November, 18:30 vir 19:00
  Under the Tuscan Moon
  Elindi van den Heever as gaskunstenaar
  R120 per persoon, R100 vir pensioenarisse en R50 vir laerskoolkinders
  Navrae aan ds David Barnard by 083 441 1789 / **davidbarnard@mweb.co.za**

- **Ds Fanie Beukes en Doulos Armoedebediening**
  Reël 'n geestelik opbouende aand
  Die kunstenaar en Doulos verskaf die plakkate en kaartjies gratis
  Kaartjies kos R60 (gemeente, kunstenaar en Doulos kry elk R20)
  Kosverkope is deel van gemeente se wins
  Navrae: 073 167 1183 / tel en faks 086 208 3624
  E-pos: **dankieHeer@gmail.com**
  www.facebook.com/dankieHeer

Basaars en markte

- **Nog tot Saterdag 29 November 09:00-21:00**
  Gemeente Trichardtsfontein: Kersmark
  Prinsloostraat, Trichardt
  Unieke Kersgeskenke, deurlopende teetuin, verversings
  Springkasteel, klasse, kindertoesig, skaap te wen
  Navrae aan Marietjie Breytenbach by 072 105 6328
  of Abraham Breytenbach by 072 484 4105

- **Vrydag 28 en Saterdag 29 November**
  Gemeente Sionspoort: Kersmark
  Handgemaakte items van hoë kwaliteit te koop
  Talle kosstalletjies en vermaak
  Die diakonie trakteer minderbevoorregte kinders
  (Sondag 30 November: Kerssangdiens om 19:00
  Kyk bladsy 4 vir meer hieroor)
  Skakel 082 464 1547 vir meer inligting

- **Vrydag 28 November vanaf 14:00**
  en Saterdag 29 November 08:00 tot 13:00
  NHSV, Gemeente Warmbad: Kersmark
  By die kerksaal in Ludorfstraat (tussen Mentz- en Groblerstraat), Bela Bela
  Vrydag: Kosstalletjies en uitstallers
  Vanaf 18:30: Lig-en-Kersmelodie (toegang gratis en verversings te koop)
  Saterdag: Ontbyt, kothuis-, koek-, kos- en ander stalletjies, teetuin
  Navrae oor uitstallings en stalletjies:
  Suzi van Dyk 083 310 4949 (**thysan@mosmail.co.za**)
  Mercia Bacon 083 557 6185 (ná 14:00)

- **Saterdag 29 November vanaf 08:30**
  Gemeente Ventersdorp: Minibasaar
  Baie stalletjies en 'n Kersmarktafel
  Baie te eet en te drink
  Vleis en sosaties te koop
  Kontak Nico Kock by 083 204 6715
  of ds Marius Jansen van Vuren by 072 850 4960

- **Saterdag 29 November vanaf 14:00**
  Gemeente Greylingstad: Kersmark
  Uitstallers kan plek bespreek teen R100 per stalletjie
  Kontak Sarie Pieterse by 082 903 4336 / ds Fanie Naudé by 083 391 3151
  Greylingstad is 50 km vanaf Heidelberg op die ou Durbanroete
  Later Kersliedere by kerslig, gelei deur Nelmarie en Christaan Rabie
  Verversings te koop

- **Saterdag 29 November: Gemeente Wesmoot: Kersmark**
  By Makro in Wonderboom
  Enige gemeente wat wil saamwerk, kan ds Fanie Beukes kontak
  073 167 1183 / **faniebeukes@yahoo.com**

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad** soek dringend ’n **sekretaresse** vir hul Kantoorkomitee. Hulle vergader 1 x elke 3 maande. Die vergadering begin gewoonlik om 08:30. Hierdie is ’n **vrywillige diens**, vir iemand met ’n hart vir welsyn wat graag betrokke wil raak. Daar is dus **geen finansiële kompensasie** nie. Die pligte is die afneem en tik van die notule. Belangstellendes kan die OSR kontak by 014 717 3594.

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees.** (Let asseblief op die nuwe groottevoorskrif.)

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). ***(Die prys styg met ingang van Januarie 2015 na R200 per plasing.)*** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Die laaste *e-Hervormer* van 2014
verskyn op Donderdag 4 Desember.

Die eerste uitgawe van 2015
verskyn op Donderdag 15 Januarie.

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Here God,
niemand kan weer aanmekaarsit
wat tot stof vergaan het nie.
Maar U kan in ’n gewete so koud soos as,
weer ’n vlammetjie van meegevoel en berou aanblaas.
U kan ’n hooploos verlore siel red en genees
tot nuwe lewe.
U kan in die geweld en haat in ons land,
in die koue, berekende harte van geweldenaars,
verlossing en vernuwing bring.
Want U is die Skepper,
en u Gees die Herskepper,
deur u Seun se onselfsugtige lewe en sterwe.
Doen dit vir ons land, o Here!

Gregory Petrov
Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx